



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3

NOVEMBER 2017

PUNTE: 100

TYD: 2½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

AFDELING A:	Opstel	(50)
AFDELING B:	Lang transaksionele teks	(30)
AFDELING C:	Kort transaksionele teks	(20)
2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.
3. Skryf in die taal wat geassesseer word.
4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld 'n kopkaart of 'n vloeidiagram of sleutelwoorde. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elke afdeling skryf.
6. Alle beplanning moet duidelik aangedui en ingelewer word. Daar word aanbeveel dat jy 'n streep deur alle beplanning trek.
7. Beplan jou tyd só:

AFDELING A:	80 minute
AFDELING B:	40 minute
AFDELING C:	30 minute
8. Nommer elke skryfstuk soos dit in die vraestel genummer is.
9. Skryf die titel/opskrif boaan elke skryfstuk.
10. Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.
11. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: OPSTEL**VRAAG 1**

- Skryf 'n opstel van 250–300 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

- 1.1 ... en toe lui my selfoon. [50]
- 1.2 My huis ... die beste plek. [50]
- 1.3 Ek wens ouers kon tieners beter verstaan. [50]
- 1.4 'n Tatoeëermerk – ja of nee? [50]
- 1.5 Verandering is nie altyd goed nie. [50]
- 1.6 Kies EEN van die volgende prente en skryf 'n opstel daaroor. Skryf die vraagnommer (bv. 1.6.1) en die titel van jou opstel neer.

LET WEL: Daar moet 'n duidelike verband wees tussen die opstel en die prent wat jy gekies het.

1.6.1



[Bron: www.brabbu.com]

[50]

1.6.2



[Bron: google clipart]

[50]

1.6.3



[Bron: google clipart]

[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS**VRAAG 2**

- Kies EEN onderwerp en skryf 120–150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

2.1 INFORMELE BRIEF

Iemand in jou familie het jou baie met jou voorbereiding vir die eindeksamen gehelp.

Skryf 'n VRIENDSKAPLIKE BRIEF aan hierdie persoon om dankie te sê vir sy/haar hulp.

[30]**2.2 CV EN DEKBRIEF**

Jou naam is Thabo Benade. Jy het die advertensie hieronder in die winkelvenster van die Pote en Vlooi-troeteldierwinkel gesien.

POTE EN VLOOIE-TROETELDIERWINKEL

Wil jy naweke ekstra sakgeld verdien?

Vir meer inligting, skakel 073 684 9130

Kom werk dan by ons troeteldierwinkel!

[Eie bron]

Gebruik nou hierdie advertensie en die CV op die volgende bladsy om 'n DEKBRIEF te skryf waarin jy aansoek doen vir hierdie naweekwerk. Jy rig die brief aan die bestuurder van die troeteldierwinkel.

CV VAN THABO BENADE

Volle naam en van: Thabo Nic Benade

ID-nummer: 200229 0023 087

Adres: Vinkstraat 4, Oos-Londen

Kontaknummer: 071 123 4567

Belangstellings: Diere, die natuur en fietsry

Hoogste graad geslaag: Graad 11

Vorige werksondervinding: Pas gedurende vakansies ander mense se troeteldiere op.

Referente: Mnr. Basil Erlank (Selnommer: 082 765 4321)

[30]**2.3 RESENSIE**

Die graad 12's het vanjaar nuwe voorgeskrewe boeke gekry.

Skryf 'n RESENSIE vir julle skoolkoerant oor een van hierdie nuwe voorgeskrewe boeke.

[30]**2.4 ONDERHOUD**

Die bestuurder van 'n winkelsentrum in jou omgewing voer onderhoude met mense wat by hierdie winkelsentrum inkopies doen. Hy voer 'n onderhoud met j^{ou} en wil weet wat jy van die sentrum dink. Hy vra jou uit oor wat jy dink van die winkels wat daar is, parkering, toiletgeriewe, sekuriteit, ensovoorts.

Skryf die ONDERHOUD tussen jou en die winkelbestuurder neer. Verwys na die dinge waaroor die winkelbestuurder jou uitgevra het.

[30]**TOTAAL AFDELING B: 30**

AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS**VRAAG 3**

- Kies EEN onderwerp en skryf 80–100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

3.1 PLAKKAAT

Julle skool wil 'n "Lees is 'n fees"-dag hou. Die doel van hierdie dag is om leerders aan te moedig om meer te lees.

Maak 'n PLAKKAAT om mense oor hierdie dag in te lig.

[20]**3.2 DAGBOEKINSKRYWINGS**

Jy het 'n partytjie vir jou beste maat gereël.

Maak DAGBOEKINSKRYWINGS vir TWEE dae soos volg:

- Die dag voor die partytjie
- Die dag na die partytjie

[20]**3.3 INSTRUKSIES**

Jou pa is bekommerd dat jy te veel tyd op jou selfoon deurbring. Hy het instruksies gegee oor wanneer en waar jy jou selfoon mag of nie mag gebruik nie.

Skryf die SEWE INSTRUKSIES neer wat jou pa vir jou gegee het.

[20]

TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL: 100